



Geagte Ouer

Ons wil u graag bedank vir die tyd wat u afstaan om die aansoek te voltooi. As 'n skool beseft ons dat die keuse van 'n skool vir u kind se opvoeding, nie 'n besluit is wat u as ouer ligtelik neem nie.

Laerskool Stulting het 'n trotse erfenis van meer as 70 jaar van opvoedkundige uitnemendheid en 'n ryk geskiedenis as een van die hoekstene van ons gemeenskap. Ons streef daarna om ons kinders te voorsien van holistiese onderrig van hoë gehalte en die doel is slegs bereikbaar wanneer daar 'n vennootskap van samewerking tussen die skool en die ouers is.

Voordat u by ons skool aansoek doen, neem asseblief kennis van die volgende belangrike aspekte:

- Onderhewig aan die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW) Artikel 5 (5) en toepaslike provinsiale wetgewing, word die toelatingsbeleid van die Laerskool Stulting deur die skool se Beheerliggaam bepaal.
- Indien u die aansoekvorm voltooi en die aansoek is suksesvol, het u 'n wettige ooreenkoms met die skool aangegaan. Ons moedig u dus aan om die aansoekvorm deeglik te lees.
- Ons hef skoolfonds by ons skool. Die Departement van Onderwys dra slegs minimaal by tot ons skool se begroting. Ons is dus afhanklik van die betaling van skoolfonds, sonder hierdie fondse sou ons nie in staat wees om die standaard van onderwys waarvoor ons bekend is, te handhaaf nie.
- Neem asseblief die finansiële implikasies in ag wanneer u besluit om u kind in te skryf by Laerskool Stulting. Dit is 'n langtermynbelegging in u kind se toekoms, waar daar van u verwag sal word om skoolfonds vooruit te betaal.
- Van u kind sal verwag word om 'n skooluniform te dra, huiswerk te doen en deel te neem aan buitemuurse aktiwiteite, wat weer ander persoonlike- en finansiële verpligtinge ten opsigte van toere en sportklere meebring. Van u as ouer sal ook verwag word om ouer-onderwysersvergaderings by te woon en om die skool te ondersteun met fondsinsamelingsprojekte.
- Ons moedig u aan om ook by ander skole aansoek te doen en nie slegs by ons skool nie, aangesien ons nie alle applikante kan akkomodeer nie. Die besluit van die toelatingskomitee is finaal en geen onderhoude rakende aansoeke sal na die tyd toegestaan word nie.
- Indien die aansoek om toelating onsuksesvol is, mag u as ouer appelleer teen die besluit van die Beheerliggaam deur 'n klagte te registreer direk by die kantoor van die LUR, nie by die Departement van Onderwys of die Uitenhage Distrikskantoor nie. (SASW 5 (9))
- Afskrifte van ons toelatingsbeleid en gedragskode is by die skoolkantoor.
- Leerders moet vaardig wees in een of albei tale van onderrig (*i.e. Afrikaans /Engels*).

Omdat u kind 'n basiese reg op onderwys het, stel die regering ander skole in ons omgewing beskikbaar wat gratis onderwys bied. Hulle word deur die Departement van Onderwys befonds en hef geen skoolfonds nie. Die skole bied ook gehalte-onderwys, onderhewig aan dieselfde kurrikulum en standaard wat deur die Departement gestel word, aan.

Ons het 'n toegewyde span van opvoeders, wat streef na opvoedkundige uitnemendheid en ons is trots om die Humansdorp-gemeenskap te dien.

Vriendelike groete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF